H/S MONTAGU POSBUS 85 MONTAGU 6720 TEL: 023-6141390 FAKS: *086 5447251* EPOS: mhsadmin@barvallei.co.za WEB: www.hsmontagu.co.za

# Hoërskool Montagu

## Nuusbrief 2 van 2023

Liewe Montie Ouers / Voogde, Leerders en Vriende van die skool

Die eerste helfte van die jaar is verby en die Monties is volstoom aan die gang. Baie dankie vir elkeen se bydrae en harde werk tydens die tweede kwartaal. Ons Monties het pragtige prestasies behaal tydens 'n vol en besige program.

**Kwartaal 3**

Elke dag is verskillende mense besig om spore in ons lewens te trap. Sommige spore is diep, ander is vlak. Sommige mense los spore wat seermaak en ander weer spore wat heelmaak. Sommige spore wil ons onthou en ander wil ons gou vergeet. Omdat 'n mens vorentoe loop en nie veronderstel is om terug te kyk of agteruit te beweeg nie, kan ons sommige spore mis, vergeet, of nie eers raaksien nie. Maar een ding is seker - spore wat getrap word in liefde, diensbaarheid, omgee en aanvaarding, is spore wat lewens van kinders en volwassenes diep raak en verander op een of ander wyse.

My gebed vir jou is dat jy volgende kwartaal omring sal word met mense wat diep spore van omgee en liefde in jou lewe sal los, maar ook daar waar jy gaan en elke spoor wat jy trap, dat mense daardeur aangeraak sal word. Mag dit 'n kwartaal van oorvloed wees!!

Seën die derde kwartaal en mag dit vir jou onvergeetlike voetspore inhou.

**Akademie**

Graag doen ek 'n beroep op ouers om die personeel by te staan met u kind se akademie. Ons besef dat baie ouers bedags werk en dat die kinders na skool by iemand bly of op hul eie aangewese is. Onderwysers is bekommerd oor hierdie leerders wat nie hul deel doen nie. Die tendens, dat tuiswerk en opdragte nie voltooi word nie, is duidelik sigbaar by sommige leerders waar daar geen kontrole tuis is nie. Dit bleik dat selfdissipline ontbreek en ons vra dat ouers, kinders se werk gereeld sal kontroleer. Ons merk ook op dat daar selde oor naweke hard deur leerders gewerk word en genoeg tyd gespandeer word aan hul akademie. Wees asb. bedag oor waar u kind hom/ haar oor naweke bevind en beperk uitslaap en rond kuier.

**Nuwe Personeel**

Vanaf Dinsdag, 18 Julie, sluit daar 'n nuwe personeellid by ons aan in kamer 40 vir NW en Lewenswetenskap. Me. Nicolene Loots het besluit om haar bande met Hoërskool Duineveld in die Noord-Kaap vaarwel te roep en aan te sluit by die Montie-familie. Behalwe vir akademie het sy ook 'n groot passie vir sport en spog met SA Skole O/18 netbal agter haar naam. Ons heet haar hartlik welkom in Montieland en sien uit na die verskil wat sy gaan maak op vele terreine.

**OUERGESPREKKE**

Ouers het die geleentheid gehad om op 18 April gesprekke met opvoeders te voer. Die volgende ouergesprekke vind plaas op, Dinsdag 25 Julie 2023, vanaf 16:30 - 18:30.

Afsprake met opvoeders van u keuse om die vordering van u kind te bespreek, kan gemaak word deur mev. Beets by die skool vooraf te skakel by 023-6141390.

Maak asseblief gebruik van die geleentheid. Ons wil graag saam met u 'n plan van aksie uitwerk vir u kind vir die res van die jaar.

**AFWESIGHEID**

Kontak asb. die skool voor 09:00 soggens, indien u kind ernstig siek / afwesig is. Leerders moet asb. 'n geldige afwesigheidsbrief inhandig, sodra hulle terug is by die skool. Versuim om kontak te maak of 'n brief in te gee, sal lei tot detensie. Sterk asb. ons hande.

Monties…
"Die skool met omgee-harte.
Die skool met skop!
Die skool in die gemeenskap, vir die gemeenskap!"

## Besoeke aan die skool

Soos in die verlede, is u meer as welkom om enige saak rakende u kind met die onderwysers en/of myself te kom bespreek. Ons versoek u egter om dit asseblief per afspraak te doen, sodat daar koördinering kan plaasvind en nie onnodige tyd verlore sal gaan nie. Wanneer u 'n besoek by die skool aflê, versoek ons u ook vriendelik om te alle tye eers by die kantoor aan te meld.

Ter wille van koördinering gee ons die volgende reëlings aan u deur.

- Akademiese probleme: Afspraak met betrokke onderwyser(s) en/of die betrokke graadhoof.
- Gedragsprobleme: Afspraak met betrokke onderwyser(s) en/of die betrokke graadhoofde en/ of mnr. Van der Walt (seuns) of mev. Beukes (dogters). Ernstige gevalle word verwys na ons hoof van dissipline, mnr. Prins.
- Sport- en Kultuurprobleme: Afspraak met betrokke afrigter(s) van u kind(ers) en/of mnr. Roos (Sport) en mev. Ferreira (Kultuur)
- Bespreking van skoolfasiliteite: (Sportterrein, saal, klubhuis ens.) Skakel asseblief mev. Beets by die kantoor.
- Finansiële navrae/ reëlings: Afspraak met mev. Lewis.
- Leerder navrae en Toelatings: Kontak mev. Beets.

Let Wel: Ons versoek u weer eens vriendelik om te alle tye eers by die kantoor aan te meld.

By voorbaat dankie hiervoor.

### Skool heropen

Die skool heropen Dinsdag, 18 Julie om 07:35. Ons dra steeds volle wintersuniform en volg winterstye. Die skool verdaag elke dag om 14:30, behalwe Vrydae om 14:00. Dinsdae en Donderdae sluit ons af met ons aktiwiteitsperiode van 13:10 tot 14:30.

### Algemeen

Dankie vir u omgee-harte, die samewerking, ondersteuning en lojaliteit van die afgelope kwartaal. Ons wens dié van u wat met vakansie gaan, 'n veilige reis toe. Geniet die wegbreek en rus!

## Huis van Velden Koshuis

Ons verwelkom graag vir me. Rouzelle van Aarde wat vanaf 2 Mei by die koshuis aangesluit het as ons nuwe matrone. Sy het by ons aangesluit vanaf Hoërskool Robertson waar sy vir lank ook matrone was. Huis van Velden koshuis is baie bevoorreg om iemand met soveel ervaring soos Rouzelle te hê.
Ons wens haar alle voorspoed toe.

# KOMMUNIKASIE EN OPVOEDING

Goeie kommunikasie met u kind is belangrik. Al is elkeen van ons baie besig en al is ons tyd min, moet ons tyd maak.

Terwyl die skool 'n belangrike rol in `n kind se lewe speel, is dit alle betrokkenes (ouers / voogde, die skool en onderwysers) se verantwoordelikheid om te verseker dat hulle die meeste kry uit hul opvoeding. **Van al hierdie rolspelers is u as ouer / voog die belangrikste.**

**Moedig u kind aan en ondersteun u kind**, want dit bou selfvertroue. Om te praat oor die belangrikheid van skool vir hul toekoms gaan hulle ook 'n blik gee op die groter prentjie. Maak asseblief seker u kind is elke dag betyds by die skool en moedig hulle aan om hulle samewerking te gee. Dit gaan hulle respek vir reëls en dissipline leer. **Praat positief voor u kind oor hul onderwysers en skoolaktiwiteite.** Ouers / voogde het `n baie groot invloed op die ingesteldheid van hul kinders teenoor die skool en skoolgaan.

Kinders reageer op **roetine**; sit dus 'n spesifieke tyd uiteen vir huiswerk. Maak seker hulle het 'n stil, ordelike plek om te werk, en help hulle waar toepaslik. Alle huiswerk moet volledig daagliks gedoen word. Waar u kind sukkel met `n betrokke vraag is hy/sy welkom om dit in potlood te voltooi. Alle opdragte en take moet betyds ingelewer word. Hoërskool Montagu beskik oor `n uitstekende biblioteek. Moedig u kind aan om so veel as moontlik te **lees**.

Toon asseblief belangstelling in skoolaktiwiteite en doen vrywilligers werk waar u kan. Baie dankie aan elke ouer / voog wat help op vele terreine. Dit bewys aan u kind dat die skool en u as ouers / voogde `n gedugte span saam maak. Ek wil alle ouers/voogde opnuut aanmoedig om **betrokke** te wees.

Maak seker u kind slaap genoeg, want dit sal hul konsentrasievermoë verbeter. **Elke sekonde wat u spandeer met u kind is belangrik**. **Mag u en u kind se verhouding groei en ontwikkel.**

# Matriek Winterskool 2023

Die matrieks se winterskool, wat tradisioneel gedurende die laaste week van die Junie skoolvakansie plaasgevind het, skuif na 15 tot 31 Augustus.

# Kultuur

**English Spelling Bee:**

Die jaarlikse English Spelling Bee het plaasgevind op 16 Mei.

Baie geluk aan Geriant Segelaar wat as die wenner gekroon is.





**Redenaars:**

Op 4 Mei het die jaarlikse redenaarsaand plaasgevind. Baie geluk aan Kezia Malgas wat gekroon is as die wenner en Geriant Segelaar het met die 2de plek weggestap.

Baie geluk! Ons sien uit daarna om in 2024 nog meer van ons leerders betrokke te sien by die redenaars.




**Mnr. & Mej. HSM 2023:**

'n Baie suksesvolle Mnr. & Mej. HSM het op 11 Mei in die skoolsaal plaasgevind, met die tema, Mnr. & Mej. Heelal, waar ons kans gekry het om deur die wêreld en sy lande te reis.

Ons nuwe toevoeging tot die aand was die "Fan favourite" of "People's choice". Foto's van die seniors is op Facebook en Instagram gepost en die getal "likes" het die wenner van hierdie afdeling bepaal.

So 'n aand sou nie moontlik wees sonder ons jonge dames en sjarmante here by HSM wat hulle deel gedoen het.

Ons wil graag ook ons beoordelaars, Hilindi Stemmet, Louise Vermaak en Michelle Brown bedank vir hulle betrokkenheid by die aand.

Ons wenners van Mnr. en Mej. HSM 2023 is soos volg: Mej. HSM is Amy-Leigh Shirley & Mnr. HSM is Petri Fourie. Ons junior afdeling wenners is Jaime Johnson & Tanzeel Ahmed.

Baie geluk aan al ons wenners en baie dankie vir die ondersteuning uit die gemeenskap.

# Wintersport



Die wintersport program is bedrywig!

## Skaak

Die skaakspan presteer behoorlik! Hulle wen onderandere vir Hoërskool Bonnievale 6 – 0. Twee van ons skaakspelers is vir die Wes-Kaap skole span gekies. Révean Segelaar en Geriant Segelaar, baie geluk ons is trots op julle!



## Hokkie

Ons hokkie gaan van krag tot krag. Teen Hoërskool Montana teken ons 19 doele aan en staan net 2 doele af. Dit is veral die o/14 dogtersspan wat beïndruk. Chaelli Jansen word verkies om Boland se o/14C hokkiespan te verteenwoordig. Die o/14 seuns verteenwoordig die skool in die Boland streekspan, hulle is Noah Wiese, Henko Nel en Jowayden Carolissen.



## Netbal

Hoërskool Montagu se netbal kook die jaar! Min skole kry dit die jaar reg om by te hou wanneer ons dogters speel. Ons eerste span wen in 'n spannende wedstryd vir Hoërskool Robertson 37-31. Jaylin Joka en Carli Prins deur dring na die Wes-Kaap sone 1 proewe, met Carli wat verkies word vir die Wes-Kaap span. Hierdie prestasie beteken dat Carli een van die 3 beste hulpdoele in die Wes-Kaap is.



## Rugby

Die rugby lewer goeie spel en het in moeilike weersomstandighede gespeel die jaar. Die o/16 A span wen vir Robertson 61-20, terwyl ons eerste span vir Hoërskool Swellendam 56-7 wen. Juhan Venter, die eerste span kaptein, is ook gekies om die Boland Akademie span te verteenwoordige die vakansie.



## Skiet

Richard Knipe skiet vir die Suid-Afrikaanse Jaggeweer Vereniging. Hy behaal die eerste plek in SA in die junior afdeling.

## Bergfietsry

Bergfietsry, die beheerliggaam voorsitter, Mnr. Hannes Gous, en ons CSV koördineerder, Ds. Rupert de Koning, het aan die 360NE MTB Challenge deelgeneem. Hulle het 31 uur, in koue, nat, modder paaie die wedloop suksesvol voltooi. Baie geluk!

# HOëRSKOOL MONTAGU ONDERSTEUNERSKLUB

## HOëRSKOOL MONTAGU ONDERSTEUNERSKLUB (HSMO) - NUWE BESTUUR

Die HSMO se algemene jaarvergadering is gehou op Donderdag, die 16de Maart 2023. Op die vergadering is die vorige bestuur bedank vir hul werk die laaste 12maande, asook die lede bedank vir hul bydrae tot die HSMO. Sonder aktiewe lede sal die klub nie kan voortbestaan nie. Die ledegeld vir 2023/2024 bly R250 per gesin. Deur middel van 'n nominasie proses is die bestuurslede vir die volgende 12 maande gekies. Hul is as volg in die verskeie ampte ingestem: Voorsitter: Mariek Dettbarn, Ondervoorsitter: Jacques Nel, Tesourier: JD van Deventer, Sekretaris: Vicky Ellis, Skoolverteenwoordigers: Ellen Joubert en Carien Burger, Beheerliggaam verteenwoordiger: Leana van Deventer, Die Bestuurkomitee koöpteer vir Jacques Carstens en Johannes Meyer as ektra lede om te help met die Voerkraalprojek.

## VOERKRAALPROJEK

Die Voerkraalprojekspan is druk aan die gang om die aangekoopte *container* te omskep in nie net 'n funksionele spasie nie, maar ook iets waarop die HSMO en skool op trots kan wees. Die "Container Span" met Jacques Carstens aan die stuur, werk al vir maande lank om hierdie droom te realiseer. Tans word kaste uit die ou snoepie oorgeskuif en aangepas om in die nuwe spasie te pas, en dit is wonderlik om vir mnr. Warnich in die span te hê, wat hiermee help. Yskaste is oorgeskuif, sommige is oorgeverf, die agterste muur is geverf, toonbanke is op, en ekstra krag is aangelê. Die area rondom die container is pragtig afgewerk met plaveisel en klippies. Volgende is die *signage* buite, wasbakke (een binne en een buite), waterpunte (buite), en 'n dak. Die dak is nog 'n groot onkoste, maar ons bly positief dat met die ekstra inkomste van die o/13 rugby (19 + 20 Mei) waar die HSMO die snoepie beman het, sal ons ook dit nog in 2023 kan klaar maak. Die dak is noodsaaklik vir skadu teen die son en vir skuiling teen die reën vir kopers, om die container af te koel vir die verkopers, maar meer belangrik, dit rond die hele *'look & feel'* netjies af.








# BELANGRIKE DATUMS : 3DE KWARTAAL

| | | |
|---|---|---|
| **Julie** | 13 | HS Brackenfell Land Rover toernooi: Rugby o/14A, o/15A en o/16A |
| | | HS Bellville toernooi: Rugby o/19A |
| | 15 | HS Brackenfell Land Rover toernooi: Rugby o/14A, o/15A en o/16A |
| | | DF Malan toernooi: Rugby o/19A |
| | 18 | **Skool heropen 07:35** (Skooldag 07:35-13:10; aktiwiteitsperiode 14:30) |
| | 22 | Sportdag teen Overberg (Tuis) |
| | 24 | Netheidsinspeksie / Top 20 Akademiese aand 18:00 |
| | 25 | Graad 08 – 12 Ouergesprekke 16:30 – 18:30 |
| | 26 | Junior + Senior Afr Spelbytjie / LS Koo Sportdag HSM |
| | 29 | Sportdag teen Langenhoven Gimnasium (Weg) |
| | 31 | Interskole / BK Geesvang week 31 Julie – 05 Aug. |
| **Augustus** | | |
| | 01 | Interskole skaak |
| | 02 | Groot Brag 18:00 (Skoolsaal) / Montagu Jeugkunstefees 02 – 12 Aug. |
| | 03 | HSM Koor NG Kerk Montagu |
| | 04 | Interskole Saal pawiljoen / Geesoptog dorp / Interskole bergfietsry |
| | 05 | Interskole teen Bredasdorp (Weg) |
| | 08 | Vakkeuse toetse graad 9 |
| | 09 | Vrouedag |
| | 10 | Vakkeuse toetse graad 9 |
| | 12 | Sportdag teen Charlies Ceres (Tuis) |
| | 14 | SBL-vergadering 17:30 |
| | 15 | Rugby vs Langeberg (Tuis) |
| | 16 | English: Junior Spelling Bee / Afrikaans gr 12 vraestel 3 |
| | 17 | Junior VRL Pretloop |
| | 19 | Bosberaad HSM Personeel 09:00 - 13:00 |
| | 21 | Fotodag: Wintersportspanne |
| | 22-31 | Graad 12 Lenteskool |
| | 23 | Junior + Senior Public Speaking 16:00 |
| | 24 | Sport is Sports 13:00 - 15:00 |
| | 25-26 | HSM Feesnaweek |
| | 28 | Vakkeuse vergadering graad 9 / Worcester Eisteddfod (28 Aug – 14 Sep) |
| | 31 | Praktiese vakke: Eksamen begin |
| **September** | | |
| | 02 | Rugby o/17 Bredasdorp 7's / Bergfietsry XCO MTB Paul Roos |
| | 03-06 | SAOU Skoolhoofde simposium Port Elizabeth |
| | 04 | Graad 12 - Eksamen begin / NSS LO vraestel 09:00 - 11:00 |
| | 06 | Sekretaressedag |
| | 07 | Graad 08 – 11 Mini-eksamen begin |
| | 08-09 | Rugby o/17 Outeniqua 7's |
| | 09 | Bergfietsry XCM MTB Trailseeker Wellington |
| | 14 | HSM Koor Worcester Eisteddfod |
| | 15 | Graad 08 – 11 Mini-eksamen eindig |
| | 18 | SBL-vergadering 17:30 |
| | 22 | Graad 12- Eksamen eindig / Swellendam Aflosbyeenkoms |
| | 24 | Erfenisdag |
| | 25 | Openbare vakansiedag |
| | 26 | Eksamen: Afrikaans Vraestel 3 (Gr 08 - 12) / Graad 12 Saal LSM / BK Afsluiting |
| | 27 | Eksamen: Engels Vraestel 3 (Gr 08 - 12) |
| | 28 | Graad 12 "Oscar-Saal" / "10 Days" en Piekniek |
| | 29 | Onderwyserdag pouse / Skool sluit |

# Akademiese Top 20

## Graad 8

SHEDEEKE ABRAHAMS
ANZELLE ALBANIE
ELLORENSIA ANTONIE
ERIN BANDA
JASON BEZUIDENHOUT
ANEL DE BRUYN
TYRICHA DE WEE
MIA ELLIS
ISABELLE HAHNDIEK
QUINZIL JANSEN
JAIME JOHNSON
TAMIA LONDON
STELLA MEYER
HENKO NEL
HAYLEY ODENDAAL
FANNWIN PLAATJIES
REVEAN SEGELAAR
COURTNEY TOORN
ADRIANA VISAGIE
CHRISSANDRA WIESE

## Graad 9

JACOBUS BEUKES
SERGIO BURGER
ELISSA CONRADIE
MIA DETTBARN
TSENRE ERNEST
EUWAYCIA EYBERG
JOEL GORDON
PETER HATTINGH
MATTEO HUMAN
ZAYWON KANA
CAITLIN KOKER
JANAE LE ROUX
THEZMEE LEKAY
RUBY ROSE O SHEA
EMMA OLIVIER
MIEKE OLIVIER
LUKE SMITH
TASNEEM STEYN
JADELYN VAN WYK
ANJA WOLFAARDT

**Graad 10**

NIMRA AHMED
JONEY BOOYSEN
TANYA BRAND
EMMA CARSTENS
CASSIDY DU TOIT
CALLUM JULIAN FLESCH
SUNE GELDENHUYS
JOMAR HANEKOM
JOHN HATTINGH
TASNEEM JANSEN
RICHARD KNIPE
SIYAMBONGA LIRAFU
KEZIA MALGAS
SIAS MEYER
JAYWIN NOEMDO
MIKAYLA THERON
ALMAY WOLMARANS

**Graad 11**

LIANI BEETGE
NINA BEUKES
CHELSEA BOOYSEN
NICHOLAS BRUNINGS
STEFANIE BURGER
CHRIZAAN CONRADIE
PETRI FOURIE
ROSSOUW KRIEL
LYZé PEKEUR
FRANCO STEMMET
JANA STRYDOM
JUDAH TAEDI
GABRIEL TELFORD
NICOLE VAN DER WALT
ANDRé VAN DEVENTER
ARNO WRIGHT

**Graad 12**

CAMERON ADONIS
BRAYDEN BAARTMAN
EWAN COETZEE
ANRI GOUWS
ZOE HAHNDIEK
JAY-DRE KLAASSE
JEAN-PIERRE MATTHEE
CARLENE MAZENGE
RAYNARD MICHELL
WILLEM NEL
ANN-LUMEY PIETERSE
CARLI PRINS
GERIANT SEGELAAR
CARLENE SEGELAAR
NINA STEMMET
CHRISTIAAN SWART
CJ VAN DER WALT
BERNADETTE VISSER